# Gebedsbulletin
# No. 01 van 2024

## 07 Januarie 2024

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# 'n Nuwe jaar, 'n nuwe begin

Weier dat jou verlede jou toekoms by jou steel. Hierdie jaar wil God vir jou 'n nuwe begin gee. Ons almal het verhoudings wat nie herstel kan word en kwessies wat nooit na wense opgelos sal word nie. Deur God se genade kan ons egter vergewe, vergeet en aanbeweeg. Jy hoef nie in die aande wakker te lê en ou koeie uit die sloot te grawe, rowe af te krap en pynlike herinneringe te vernuwe nie.

Jy sê: 'Maar ek sukkel in so baie areas.' Ons almal doen. Selfs die groot apostel Paulus het erken dat hy nie al die antwoorde het nie. Paulus het erken: 'Ek weet dat ek - ten minste wat my ou, sondige natuur betref - nie oor die vermoë beskik om die goeie te doen nie...

Ek versuim die goeie wat ek so graag wil doen, maar die slegte wat ek nie wil nie, dít doen ek...' (Romeine 7:18-19 NLV). Almal van ons wat verkeerdelik gedink het dat sodra ons Christene word, daar geen stryd meer sou wees nie, kan Paulus vir sy eerlikheid bedank!

Paulus hou egter nie daar op nie, maar voeg hierdie twee belangrike Skrifgedeeltes by:1) '...En nou kan ons, net soos Christus... opgewek is, ook 'n totaal nuwe lewe leef' (Romeine 6:4 NLV). 2) 'Julle moet dus ook verseker weet dat julle vir die sonde dood is, en nou vir God lewe deurdat julle één is met Christus' (vers 11 NLV).

Jy vra: 'Hoe moet ek dan my ou kwessies hanteer?' Erken hulle, hou daarmee op en vergeet daarvan! In plaas daarvan om gevegte te veg wat jy nie kan wen nie, laat Christus se opstandingskrag deur jou lewe beweeg en die bande tussen jou en die pyn van jou verlede, verbreek.

***Geskryf deur Bob & Debby Gass***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Ria Putter
Maria Steyn
Sampie Swart
Annika Kilian
Jaco Steenkamp
Leonie Kruger
Sumari Pretorius
Jillian Jansen
Tannie Martie de Beer
Albert Glockzin
Willie Britz
Rudi Kruger
Frik Blom
Jaap Naudé
Michael Redelinghuys
Tilly van Huysen
Flippie Roslee

Louis Strauss
Oom Cedric Wiegand
Tannie Bets Coetzee
Annetjie Pienaar
Willie Viljoen
Karl Olsen
Amoré Alberts







Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## Gedagte vir die week




Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in